AFRIKANERS VIR SUID-AFRIKA

SAAMWERK

Nuus, menings en gesprekke oor 'n beter Suid-Afrika | avsa.net.za | Oktober 2026



Munisipale verkiesing: Waarom stem?

Deur **Chris Heymans**

VIR Suid-Afrikaners is stemreg meer as 'n formele demokratiese reg. Sedert 1994 is dit een van die belangrikste waarborge dat alle volwasse burgers 'n gelyke aandeel het in die keuse van hul politieke leiers. Maar daardie reg se waarde lê nie net in ons geskiedenis nie. Dit lê ook in die besluite wat verkose verteenwoordigers vandag neem en die gevolge daarvan vir Suid-Afrikaners.



Chris Heymans is 'n onafhanklike adviseur wat spesialiseer in openbare beleid en munisipale en waterbestuur.

Dit geld veral vir plaaslike regering. Die Dullah Omar-instituut aan die Universiteit van Wes-Kaapland wys in 'n onlangse ontleding daarop dat munisipale verkiesingsdeelname van sowat 58 persent in 2011 en 2016 tot net 45,87 persent in 2021 gedaal het. Byna 54 persent van geregistreerde kiesers het dus nie in die vorige plaaslike verkiesing gestem nie, en miljoene ander stemgeregtigdes was nie eens geregistreer nie. Dit is kommerwekkend, want munisipaliteite neem besluite wat mense dikwels meer onmiddellik raak as op nasionale vlak.

Munisipale rade bepaal onder meer begrotings, tariewe, ontwikkelingsprioriteite en plaaslike verordeninge. Hulle moet toesig hou oor die administrasie en verantwoordelikheid aanvaar vir die funksionering van dienste binne hul bevoegdheid. Wanneer water nie gelewer word nie, riool oorloop, vullis ophoop of paaie verval, word die gevolge direk deur inwoners ervaar. Daarteenoor, wanneer dienste goed funksioneer, verbeter dit mense se lewensgehalte, veiligheid en waardigheid.

Dit beteken nie dat elke probleem die munisipaliteit se skuld is nie, en allermins dat munisipaliteite in praktyk hul rolle effektief speel, en kiesers se behoeftes ernstig probeer aanspreek. Die nasionale en provinsiale regerings het hul eie verantwoordelikhede, en munisipaliteite verskil aansienlik in hul hulpbronne en vermoë om inkomste in te vorder. Maar dit is juis waarom kiesers moet onderskei tussen wat 'n munisipaliteit kan beheer, wat buite hul bevoegdheid val, en wat 'n politieke party bloot tydens 'n veldtog belowe.

Africa Check se verduideliking van die 2026-verkiesing beklemtoon dat kiesers nie net na beloftes moet luister nie, maar ook moet vra of 'n party die mag het om dit uit te voer, hoe die belofte gemeet sal word en waar die geld daarvoor vandaan gaan kom. Plaaslike regering kan byvoorbeeld verantwoordelikheid aanvaar vir munisipale paaie en vullisverwydering, maar nie self nasionale polisiedienste of maatskaplike toelaes beheer nie. 'n Geloofwaardige verkiesingskeuse verg dus dat kiesers partye se aansprake aan hul werklike bevoegdhede en prestasies toets.

Die Dullah Omar-instituut beklemtoon ook dat verkiesings nie bloot 'n manier is om iemand in die amp te plaas nie. Dit is 'n meganisme om te bepaal of daardie persoon of party die mandaat verdien om aan te bly. As verteenwoordigers swak presteer, behoort hulle die moontlikheid te trotseer dat kiesers hulle vervang. Maar dié meganisme verloor krag wanneer mense ophou stem. Dit skep 'n gevaarlike kringloop: swak bestuur lei tot ontnugtering, en dit lei tot laer deelname.

Stem alleen sal nie swak bestuur, korrupsie of politieke onstabiliteit beëindig nie. Dit moet gepaard gaan met openbare deelname, ondersoekende joernalistiek, deursigtigheid en volgehoue druk op verkose verteenwoordigers. Maar dit is geen rede om die stembrief prys te gee nie. Inteendeel, dit is een van die maniere waarop burgers kan bepaal wie hul munisipaliteit vir die volgende vyf jaar sal bestuur en wie verantwoordelik gehou moet word wanneer beloftes nie nagekom word nie.

Die keuse op 4 November is dus nie bloot tussen volmaakte politici en teleurstelling nie. Dit is 'n keuse tussen die beskikbare alternatiewe, munisipaliteite se geloofwaardigheid, vermoë en prestasie. Ons hoef nie blindelings in enige party te glo nie, maar om te stem vir 'n party, raadslid of program wat 'n vraagstuk volgens jou die beste kan benader, is 'n belangrike stap om jou burgerskap uit te oefen en verteenwoordigers verantwoordelik te hou.

Om te stem, is nie 'n waarborg dat dinge sal verander nie, maar om nie te stem nie, maak dit egter makliker vir ander om sonder jou deelname oor jou toekoms te besluit.

AvSA se nuusblad hier om boodskap te help versprei

Welkom by die eerste uitgawe van die Afrikaners vir Suid-Afrika se eerste nuusblad.

Die doel van dié nuusblad, wat in PDF-formaat verskyn, is om nog 'n kanaal te bied om AvSA se boodskap om benewens 'n Afrikaner ook 'n goeie Suid-Afrikaner te wees en om nie die oplossings vir ons land se probleme elders in die wêreld te gaan soek by leiers wat nie noodwendig ons belange voorop stel nie.

In PDF-formaat is dit maklik om die nuusblad per WhatsApp of e-pos na kennisse aan te stuur en so ons boodskap te versprei.

In dié eerste uitgawe verskyn benewens die voorblad berig ook berigte oor 'n onlangse byeenkoms waar besin is oor AvSA se toekoms en 'n doelwit geformuleer is, oor Truida Prekel se persoonlike herinnering oor die ontstaan van AvSA en Chris Heymans wat skryf oor *Voorwaarts Afrikaanssprekendes: 'n gesprek oor die toekoms.*



By Maandag, 19 Oktober se AvSA byeenkoms was links van voor Truida Prekel, André Bartlett, Louise du Toit, Anthoni van Nieuwkerk, Ivor Jenkins, Chris Heymans, Ruda Landman en Rudi Swanepoel met Riku Lätti en Louise van Rhyn wat heel agter staan. Regs van voor sit Wannie Carstens, Darryl Swanepoel, Fanie Cloete, Deon Snyman en Johan van Heerden, en regs staan Joan van Zyl (voor) en Schalk le Roux.

Doelwit is voorspoedige SA vir almal!

Afrikaners vir Suid-Afrika (AvSA) se doelwit is om in die gees van sy credo, 'n Afrikaanse netwerk te wees wat met ander saamwerk aan 'n inklusiewe, regverdige en voorspoedige Suid-Afrika.

Die doelwit is Maandag, 19 Oktober, geformuleer tydens 'n byeenkoms van AvSA-lede naby Stellenbosch om oor die toekoms van die netwerk te besin.

In beginsel is besluit om nie 'n formele organisasie te stig nie, maar 'n netwerk te bly met die duidelike wete dat groter koördinering en fokus vorentoe nodig gaan wees as die credo uitgeleef wil word, het Ruda Landman, mede-woordvoerder van die groep, gesê.

Die AvSA-groep het 'n kort bespreking gehad oor wat AvSA reeds bereik het, soos dat dit 'n alternatief bied tot heersende Afrikaanse stemme, plaaslik en internasionaal, met goeie dekking in hoofstroom- en op sosiale media; help om 'Afrikanerskap' te herdefinieer; en 'n tuiste bied vir progressiewe Afrikaanssprekendes.

"Van die lesse wat ons geleer het, is dat ons met nog meer empatie moet omgaan met onderwerpe soos plaasmoorde, wit werkloosheid en armoede; dat 'n vaster struktuur nodig is; en dat ons as prioriteit moet uitreik na mense buite die groep, beide nasionaal en internasionaal," het Landman gesê.

Tydens die byeenkoms is 'n dagbestuur in die lewe geroep. Dit bestaan uit leiers van werkgroepe (Media, Fondse, Projekte en Uitreik) en konvenor/woordvoerders. Die huidige lede is Riku Lätti (media), Daryl Swanepoel (fondse), Anthoni van Nieuwkerk, Louise van Rhyn (uitreik) en André Bartlett (projekte). Rudi Swanepoel en Ruda Landman is mede-konvenors en woordvoerders.

AvSA het besluit om nie nou 'n naamsverandering te oorweeg nie. Dit sal 'n deurlopende gesprek bly.

Daar is ook besluit om in die toekoms te probeer om meer proaktief te wees in die identifisering van sake wat ons dink aandag behoort te kry, en nie net reaktief op ander se agendas te reageer nie.



Credo

Ek is gewortel in Suid-Afrika en verweef met Afrika se mense.

Ek is gevorm deur my geskiedenis, maar word nie daardeur beperk nie.

Ek eer my taal en tradisies en gebruik dit om brûe te bou.

Ek staan vir geregtigheid en menswaardigheid.

Ek erken die onregte van ons verlede en die uitdagings van ons hede.

Ek neem verantwoordelikheid om te help bou aan 'n toekoms waar almal veilig is en floreer.

Ek onderneem om te werk vir versoening gegrond in die waarheid, en vir hoop wat sigbaar word in dade.



Hoe Afrikaners vir Suid-Afrika spontaan gebeur het

Deur **Truida Prekel**

"Nie in ons naam nie!" Ek dink nie een van die 48 mense wat in die week voor 23 Oktober 2025 die "ope brief aan Trump" geteken het, het verwag dat daar so 'n groot reaksie sou wees nie. Meeste van ons was moeg vir die stories wat namens Afrikaners in Washington gepleeg word, en was besorg dat die slagoffer-mentaliteit en bevoordeling van "Afrikaner-vlugtelinge" stereotipes en onmin tussen rasse in Suid-Afrika sou vererger. En ons wou nie dat Trump ons probleme vir sy politiek in die VSA misbruik, en Suid-Afrika se naam internasionaal slegmaak nie.

Die onmiddellike negatiewe reaksie van regs was seker te wagte – maar nie so fel of onbeskof soos dit was nie: Leuens in Rapport op 2 November oor die oorsprong van die brief, bewerings deur AfriForum dat die ANC joernaliste betaal om hulle te diskrediteer, en venynige, kru aanvalle op individue, en op die hele groep in die media, het beteken ons moes reageer. Dit was duidelik nie meer net 'n eenmalige ope brief nie.

'n Verrassing van sterk steun

Die spontane, positiewe en gretige reaksie van honderde "verligte Afrikaners" wat ook wou teken was egter verrassend. Baie het gesê hulle is eerstens Suid-Afrikaners, en dan Afrikaners. Baie was ook ongemaklik met die naam Afrikaner omdat regse organisasies die naam as "wit" en met spesifieke waardes gekaap het.

Die naam Afrikaners vir Suid-Afrika (AvSA) het ontstaan vir die inisiatief en byval gevind. 'n WhatsApp-groep is op 27 Oktober 2025 gestig, met 'n tuisblad, www.afrikanersvirsa.co.za. Mense kon die brief dadelik hier gaan lees en mede-onderteken. Daar is tans 1651 mede-ondertekenaars – en almal kan nou gaan teken by ons nuwe webblad www.avsa.net.za of www.afrikanersvirsa.co.za.

Ander het gesê hulle ondersteun die brief, maar huiwer om te teken, weens moontlike visumprobleme as hulle na die VSA sou reis. Baie het gesê hulle is bly oor die brief, want hulle het lankal so gevoel, maar nie geweet waar of hoe om dit uit te druk nie. Of hoe hulle kon bydra om verhoudings in Suid-Afrika te verbeter nie.

Lewendige gesprekke vind deurlopend plaas in die "veilige ruimte" van die WhatsApp-groep. Mense deel insigte en inligting, verskil ook respekvol van mekaar – sonder dat ons deur ver-regse kritici aangeval word.

Van 'n brief na 'n beweging

Die brief het 'n positiewe energie laat ontstaan. Ek glo geen van die oorspronklike ondertekenaars het beoog om 'n "beweging" te begin nie. Ons is almal besig met allerlei eie aktiwiteite. Nogtans het ons 'n verantwoordelikheid gevoel om nie die bal te laat val nie. Die oorspronklike ondertekenaars was welkom om hul menings te gee en te help waar hulle kan. Dié wat kon, het hand bygesit. 'n Paar nuwe mense is genooi om te help en hul vaardighede te deel. Só word die oorspronklike AvSA WhatsApp-groep steeds bestuur.



Truida Prekel (middel) wat haar persoonlike herinnering oor die ontstaan van Afrikaners vir Suid-Afrika in hierdie skrywe deel. By haar is Louise du Toit, professor in filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch, en Johan Stegmann, kunstenaar wat ook by AvSA betrokke is.

'n Paar aktiewe ondertekenaars het besef ons moet nou ook strategies begin dink. 'n Losse kommunikasieplan is ontwikkel vir die informele netwerk. Ons wou bewustelik nie 'n formele hiërargie of betaalde lidmaatskap skep nie.

'n "Adviesgroep" van sowat 15 is op 28 Oktober verlede jaar op WhatsApp gestig. Die adviesgroep wissel idees en maak voorstelle as iets gebeur waarop ons moet reageer. Fanie Cloete en Joan van Zyl hanteer die admin op die groot AvSA groep, en het 'n Facebook-blad gevestig, waardeur AvSA positiewe gedagtewisseling, ook in Engels, aanmoedig. (Sien: Afrikaners vir Suid-Afrika / Afrikaners for South Africa I Facebook.)

Waarvoor ons staan – ons Credo

Terwyl die oorspronklike ope brief ontstaan het uit verset teen die regse narratief oor Afrikaner-slagofferskap, was dit nodig om aan te dui waarvóór ons staan. Ons wou sien hoe ons die spontane energie wat in die groep ontstaan het, kon benut en verder neem. Met Chris Spies as fasiliteerder en Barend la Grange se reëlings, is al 48 ondertekenaars en 'n paar wat later aktief by AvSA betrokke geraak het, genooi na twee gesprekke by Blaauwklippen (9 Januarie) en Randburg (16 Januarie, saam met Beter-Einders) om te kyk wat AvSA vorentoe wil bereik.

Ons het gevoel met 'n credo wat ons beginsels duidelik stel, kon ons makliker ander nooi om saam te werk. Onder leiding van Chris Spies en Ruda Landman het 'n groep van 11 vrywilligers saam 'n credo begin ontwikkel, en dit informeel met verskeie ander Suid-Afrikaners getoets. Die konsep-credo is op 6 en 13 Maart met die Blaauwklippen- en Randburggroepe bespreek en verfyn, met verdere gesprekke hoe om die Credo prakties en aktief uit te leef. Op 1 April het lede van altwee groepe in 'n Zoom-gesprek verder beplan. Ons het nou 'n groter en meer inklusiewe webwerf, wat deur Riku Lätti bedryf word en AvSA toegankliker maak. Ons werk ook saam met onafhanklike denkers, en groepe en projekte met soortgelyke waardes en doelwitte.

Ek sien uit, vorentoe

Dit was vir my 'n verrykende ervaring om so 'n wye verskeidenheid van positiewe, vrydenkende Suid-Afrikaners deur AvSA te leer ken. Ek was bevoorreg om oor baie dekades met stimulerende mense saam te werk. Ek geniet die vars perspektiewe van jonger (en ouer!) mense wat ek nou ontmoet het. Ek sien uit om te kyk hoe ons hierdie energie kan kanaliseer in inklusiewe projekte. Dit gaan om Afrikanerskap wat ons nie wil afgrens nie, maar doelbewus oopstaan in belang van versoening en die herbou van die groter Suid-Afrika en Afrika. Die Credo stel dit duidelik.

(Credo verskyn op bladsy 2.)

Voorwaarts Afrikaans-sprekendes: ’n gesprek oor die toekoms

Deur **Chris Heymans**

OM Afrikaans te wees en te praat is nie meer bloot die samehangende gemeenskap wat baie eens geglo het bestaan nie. Sedert 1994 het die eertydse politieke aanslag, verhoudings met die staat en opvattings oor die toekoms ingrypend verander. Maar daar is nie net een nuwe konsensus wat die oue vervang het nie. Vandag verskil Afrikaanssprekendes onderling oor die grondwet, grond en eiendomsregte, ras en transformasie, taaldinge, geloof en ander sosiale waardes, politieke oriëntasie en hoe om ons belange onderling en met alle Suid-Afrikaners te bevorder. Dis niks nuuts nie. Afrikaners het nog altyd onderling soms wesentlik van mekaar verskil.

Sommige sien die toekoms hoofsaaklik in verdediging en uitbouing van die Afrikaanse taal, kultuur en gemeenskapinstellings. Ander plaas groter klem op deelname aan breër demokratiese politiek, grondwetlike hervorming of alliansies om verandering van binne die stelsel te probeer bewerkstellig. Daar is ook verskille oor die rol van sogenaamde “burgerlike” organisasies, die waarde van internasionale steun en die mate waartoe ons ons eie politieke belange van dié van ander Suid-Afrikaners kan of behoort te onderskei.

Verskille benodig oop gesprek

Hierdie verskille verdien meer as oppervlakkige kommentaar. Dit benodig oop gesprek waarin ons bereid is om verskillende standpunte van almal in Suid-Afrika ernstig op te neem, aannames te bevraagteken en ons oortuigings aan die werklikheid te toets. Dit beteken nie dat ons verskille moet verswyg of alle standpunte as ewe oortuigend hoef te sien nie. Ons moet ook uitwerk watter politieke strategieë kan werk, watter nie, en die gevolge daarvan vir Afrikaners en Suid-Afrika as geheel.

AvSA se benadering is nie om Afrikaners as ’n homogene groep, wat dit nog selde was, te behandel nie, maar om beter te verstaan hoe uiteenlopend ons dink, waarom ons verskil en waar gemeenskaplike grond mag bestaan. Geen enkele organisasie, politieke party of woordvoerder kan namens alle Afrikaners praat nie. Ons politieke voorkeure, lewenservarings en verwagtings verskil, en ons moet ruimte laat vir daardie verskeidenheid.

Toekoms verbind aan almal in SA

Die doel is nie om Afrikaanssprekendes in ’n politieke of kulturele afsondering van ander Suid-Afrikaners te plaas nie. Ons toekoms is onlosmaaklik verbind aan dié van Suid-Afrika en sal ook so in die toekoms doen. Ons regte, veiligheid, taal en kulturele instellings is belangrik, maar moet nie buite die breër grondwetlike, ekonomiese en sosiale werklikheid van die land bevorder word nie. Dit beteken nie dat groepsbelange onbelangrik is, of dat kritiek op die regering, beleidsrigtings of die optrede van andersgesindes moet versag nie. Maar dit verg dat ons onderskei tussen verdediging van regmatige belange en die aanname dat ons politieke toekoms slegs deur konfrontasie of steun van buite Suid-Afrika verseker kan word. Ons moet met ander Suid-Afrikaners na oplossings soek.

Soeke na nuwe politieke oriëntasie

Die geskiedenis sedert 1994 bied genoeg materiaal vir so ’n gesprek. Die einde van Nasionale Party politieke oorheersing, die soeke na nuwe party-politieke tuistes, die opkoms van andersdenkende stemme wat Afrikaanse gemeenskapsbelange bevorder, en die rol van ander partye was almal deel van ’n nuwe politieke oriëntasie. Meer onlangs het koalisiepolitiek, die regering van nasionale eenheid en die toenemende internasionale dimensie van Afrikanerpolitiek nuwe vrae en eise na vore gebring.



AvSA se doelstelling is om in die gees van die AvSA Credo, ’n Afrikaanse netwerk te wees wat met ander saamwerk aan ’n inklusiewe, regverdige en voorspoedige Suid-Afrika. Daar is verskeie kwessies wat saam met ander Suid-Afrikaners en ander in Afrika en wêreldwyd aangespreek moet word, soos waar is daar ruimte vir samewerking met ander tussen uiteenlopende Afrikaanse en ander politieke strominge, en watter lyk te diep om te oorbrug? Hoe versoen ons die behoud van ’n eie taal en kultuur met dié van nie-Afrikaners? Daarom is AvSA nie ’n mondstuk vir ’n politieke party of organisasie nie, en ons glo nie dat een persoon, beweging of instelling namens alle Afrikaners kan praat nie. Ons wil eerder ’n ruimte skep waarin verskillende standpunte aan die orde kom, bewerings getoets word en ongemaklike vrae nie vermy word nie.

Dit verg bereidheid om te luister, maar nie dat ons kritiek moet opskort of alle standpunte as ewe oortuigend moet aanvaar nie. ’n Onafhanklike gesprek vereis sowel openheid as oordeel om te probeer om verskille te verstaan en te respekteer, en veral te ondersoek watter argumente deur bewyse en ervaring ondersteun word.

Ons wil hierdie vrae bly aanspreek om lig te werp op onderliggende aannames, keuses, belange en gevolge. Ons begin nie met die veronderstelling dat daar een korrekte Afrikaanse standpunt bestaan nie en dat alle verskille bloot moet verdwyn nie. Dit verg eerlike gesprek oor ons politieke toekoms – ’n gesprek wat krities genoeg is om verskille bloot te lê, maar ruim genoeg om na ander standpunte te luister. Ons sal nie elke uitgawe met ’n finale antwoord afsluit nie. Maar ons wil help om die vrae en politieke keuses duideliker te maak en meer onafhanklik van slagspreuke en gevestigde lojaliteite. So ’n benadering gaan nie bloot oor waar Afrikaners hulself in die huidige politieke landskap bevind nie, maar eerder oor hoe om ondanks uiteenlopende opvattings ’n volhoubare toekoms te help vorm binne ’n demokratiese Suid-Afrika wat ander se aspirasies en regte erken en respekteer.

Ernstige, onafhanklike gesprek

Hierdie nuusbrief begin met ’n eenvoudige uitgangspunt: Afrikaners se politieke toekoms verdien ’n ernstige, onafhanklike gesprek. Nie omdat Afrikaners ’n enkele politieke wil of gemeenskaplike belange het nie, maar juis omdat dit nie meer vanselfsprekend is nie.

Daar is vandag verskillende politieke tuistes, organisasies en ideologiese strominge. Sommige beklemtoon die beskerming van Afrikaans, kultuur en gemeenskapsinstellings; ander plaas hul vertroue in breër grondwetlike politiek. Daar is uiteenlopende sienings oor die DA en die VF Plus, oor AfriForum en Solidariteit, oor politieke alliansies en oor die waarde van internasionale steun. Om hierdie verskille bloot te beskryf, is nie genoeg nie. Ons moet ook vra waarop die aansprake berus, watter resultate behaal word en wat die gevolge van bepaalde strategieë is.

Die nuusbrief wil daarom nie ’n mondstuk vir ’n politieke party of organisasie wees nie. Dit wil ook nie voorgee dat een persoon, beweging of instelling namens alle Afrikaners kan praat nie. Ons wil eerder ’n ruimte skep waarin verskillende standpunte aan die orde kom, bewerings getoets word en ongemaklike vrae nie vermy word nie.

Moet bereid wees om te luister

Dit beteken dat ons bereid moet wees om te luister, maar nie dat ons kritiek moet opskort of alle standpunte as ewe oortuigend moet aanvaar nie. ’n Onafhanklike gesprek vereis sowel openheid as oordeel: om te probeer verstaan waarom mense verskil, en terselfdertyd te ondersoek watter argumente deur bewyse en ervaring ondersteun word.

Ons sal nie elke uitgawe met ’n finale antwoord afsluit nie. Maar ons wil wel help om die vrae skerper te stel, die politieke keuses duideliker te maak en die gesprek oor Afrikaners se toekoms minder afhanklik van slagspreuke en gevestigde lojaliteite te maak.